

WOORDELYS – DIEREVOEDING

Term	Verduideliking
Anorexia	'n Sielkundige eetstoornis waar die person weier om te eet, al is daar genoegsame voedsel beskikbaar
Assimilasie	Die proses waardeur geabsorbeerde voedsel deur selle opgeneem word
Bekersel	In die kolomepiteel van die villus kom die bekerselle voor wat mukus afskei
Bolus	Soliede voedsel wat in die vorm van 'n bal na die esofagus vervoer word
Chym	Gedeeltelike verteerde voedsel wat voortspruit uit die werking van die maagsappe in die maag, in 'n semi-vloeibare vorm.
Deaminering	Die afbreek van oorbodige aminosure in die lewer.
Denatureer	'n Verandering in die proteïen se driedimensionele struktuur wat lei tot verlies aan biologiese aktiwiteite as gevolg van temperatuur- en pH-veranderinge.
Detoksifikasie	'n Proses waar skadelike stowwe in die lewer onskadelik gemaak word
Diabetes mellitus	'n Metaboliese siekte wat gekenmerk word deur hoë glukosevlakke in die bloed
Duodenum	Die eerste deel van die dunderm van 'n soogdier wat met die maag verbind is.
Egestie	Die proses waartydens onverteerde reste in die vorm van fesus uit die liggaam gewerp word
Emulsifisering	Die proses waar vette in klein vetdruppeltjies opgebreek word
Ensieme	'n Proteïenagtige biologiese katalisator wat chemiese reaksies versnel, deur die aktiveringsenergie te verlaag, om nie self deur die reaksie verander te word nie.
Epiglottis	'n Flapagtige struktuur wat verhoed dat voedsel in die tragea beland en verstikking veroorsaak.

Fetale alkoholsindroom	Nadelige uitwerking van oormatige alkohol op die ongebore fetus
Gal	Die stof wat verantwoordelik is vir die alkaliese medium in die dunderm tydens vertering.
Glikogeen	Bergingsvorm van glukose in diere
Glottis	'n Opening wat vanaf die tragea na die farinks lei
Herbivore	Diere wat slegs op plantmateriaal voed
Heterotrofe	Organismes wat van ander organismes afhanglik is vir organiese voedingstowwe
Homeostase	Die handhawing van 'n konstante interne omgewing in die liggaam
Ileosekale klep (sfinkter)	'n Kringspier wat die opening tussen die ileum en die kolon beheer.
Ileum	Die laaste en langste gedeelte van die dunderm en sluit by die eerste gedeelte van die dikderm, nl. die sekum aan.
Ingestie	Die proses waartydens voedsel ingeneem word.
Insulien	'n Hormoon wat deur die eilandjies van Langerhans afgeskei word om die bloedglukosevlak in die liggaam te reguleer.
Jejunum	Die gedeelte van die dunderm wat net na die deudenum is
Kardiale sfinkter	Die sluitspier wat die opening tussen die esofagus en die maag sluit
Karnivore	Diere wat slegs op dieremateriaal voed
Klier van Brünner	Klier wat verantwoordelik is vir die uitskeiding van succus entericus.
Kolon	Die grootste gedeelte van die dikderm wat tussen die sekum en die rektum voorkom
Kwasjiorkor	'n Vorm van wanvoeding as gevolg an 'n tekort aan proteïene n die dieet
Lakteaal	'n Limfvat in die villi

Lewer	Die grootste klier in die soogdierliggaam
Marasmus	'n Vorm van wanvoeding as gevolg van 'n algemene tekort aan energievoedsel
Mastikasie	Die proses waar voedsel tot 'n fyn pulp in die mond gekou word
Mikrovoedingstowwe	Voedingstowwe wat in klein hoeveelhede deur organismes benodig word.
Omnivore	Diere wat van beide plant-en dieremateriaal leef.
Outotrofiese organismes	Organismes wat hulle eie voedsel kan vervaardig
Pankreas	'n Soogdierorgaan wat as 'n endokriene klier en 'n eksokriene klier funksioneer.
Peristalse	Golfagtige beweging van die spysverteringskanaal wat veroorsaak word deur die afwisselende sametrekking en ontspanning van spiere.
Sekum	Dit is die sakagtige struktuur waarby die dunderm aansluit. Aan die sekum is 'n klein aangingssel genoem die appendiks.
Sfinkter	'n Kringspier in 'n buisvormige orgaan wat die buis kan afsluit as dit saamtrek.
Soutsuur	'n Chemiese verbinding wat in die maag voorkom wat 'n antiseptiese funksie het
Spysverteringskanaal	'n Lang buisvormige struktuur wat reg deur die liggaam strek
Substraat	Die stof waarop 'n ensiem werk, lei tot die vorming van 'n eindproduk.
Vertering	'n Reeks hidrolitiese reaksies waarin onoplosbare voedingstowwe oplosbaar gemaak word vir gebruik deur selle.
Villus	Een van miljoene vingeragtige uitsteeksels wat op die mukosa van die dundermwand aangetref word.
Wanvoeding	Die skadelike gevolge van te veel of te min voedsel op die liggaam.

